

13 April

Skrifgedeelte: Genesis 1:26-28; 2:19, 20

Fokusgedeelte: Spreuke 12:10 (OAV)

God gee sy verteenwoordigers insig vir hulle roeping

“Die regverdige ken die natuur van sy dier, maar die barmhartigheid van die goddelose is wreed”(OAV).

Hierdie spreuk sluit by die mens se skeppingsopdrag aan. God het die mens gemaak om as sy verteenwoordiger die aarde te beheers en te bewaak en om oor die diere te heers. Die opdrag aan Adam om die diere name te gee, het nie beteken om bloot verskillende klanke aan verskillende diere te koppel nie. 'n Naam in Bybelse sin behels om iets of iemand in sy aard te beskryf. Om die regte naam aan 'n dier te gee, behels dus wetenskaplike insig. Die spreuk stel dat die regverdige die natuur van sy dier ken. Hierdie ken is nie bloot wetenskaplike kennis nie, maar wysheid en insig om die dier werklik in sy eie aard te verstaan. Daarom word dit aan die regverdige gekoppel, aangesien hierdie wysheid deur God gegee word.

Die goddelose erken nie die Skepper nie. Daarom is hulle ook nie met die skepping besig uit roepingsvervulling in opdrag van die almagtige God nie. Omdat hulle nie die Skepper erken nie, is hulle insig beperk. Hulle kan wel baie wetenskaplike kennis versamel, maar hulle kom ware wysheid kort, want ware wysheid begin met die dien van die Here. En omdat hulle insig beperk is, skiet selfs hulle dae van barmhartigheid tekort. Omdat hulle aksies gedryf word deur sondige selfsug en eie belang, kan hulle dae van barmhartigheid selfs as wreed beskryf word.

Waar jy ook al met diere te doen het, besef dat dit met jou skeppingsopdrag verband hou. Jou verlossing in Christus het jou met God versoen en daarmee ook jou omgaan met diere weer tot uitlewing van rentmeesterskap herstel. Soek daarom ook hierin wysheid om dit tot verheerliking van God te doen.

Sing: Psalm 8-1:1, 5, 6

Ds. HB Hatting (Warmbad)